Sondag 13 Maart 2022 10:30

info@kruiskerk.co.za

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **Oomblikke van verheldering**

**Skriflesing: Lukas 9:28-36**

## Broodjies vir die pad

"To hear never-heard sounds,
To see never-seen colors and shapes,
To try to understand the imperceptible
Power pervading the world;
To fly and find pure ethereal substances
That are not of matter
But of that invisible soul pervading reality.
To hear another soul and to whisper to another soul;
To be a lantern in the darkness
Or an umbrella in a stormy day;
To feel much more than know.
To be the eyes of an eagle, slope of a mountain;
To be a wave understanding the influence of the moon;
To be a tree and read the memory of the leaves;
To be an insignificant pedestrian on the streets
Of crazy cities watching, watching, and watching.
To be a smile on the face of a woman
And shine in her memory
As a moment saved without planning."
— Dejan Stojanovic

"We have often heard that beauty is in the eye of the beholder. This is usually taken to mean that the sense of beauty is utterly subjective; there is no accounting for taste because each person's taste is different. The statement has another, more subtle meaning: if our style of looking become beautiful, then beauty will become visible and shine forth for us. We will be surprised to discover beauty in unexpected places where the ungraceful eye would never linger. The graced eye can glimpse beauty anywhere, for beauty does not reserve itself for special elite moments or instances; it does not wait for perfection but is present already secretly in everything. When we beautify our gaze, the grace of hidden beauty becomes our joy and our sanctuary."
— John O'Donohue, Beauty: The Invisible Embrace

"We have, as human beings, a storytelling problem. We're a bit too quick to come up with explanations for things we don't really have an explanation for."
— Malcolm Gladwell, Blink: The Power of Thinking Without Thinking

"It has seemed to me sometimes as though the Lord breathes on this poor gray ember of Creation and it turns to radiance - for a moment or a year or the span of a life. And then it sinks back into itself again, and to look at it no one would know it had anything to do with fire, or light .... Wherever you turn your eyes the world can shine like transfiguration. You don't have to bring a thing to it except a little willingness to see. Only, who could have the courage to see it? .... Theologians talk about a prevenient grace that precedes grace itself and allows us to accept it. I think there must also be a prevenient courage that allows us to be brave - that is, to acknowledge that there is more beauty than our eyes can bear, that precious things have been put into our hands and to do nothing to honor them is to do great harm."
— Marilynne Robinson, Gilead

"First, if you want reliable information, pay good money for it. If you get your news for free, you might well be the product."
— Yuval Noah Harari, 21 Lessons for the 21st Century

"Win by losing. Before your outer walls break, as break they must, build an inner place to protect your truth. Protect that you are infinite life, choosing its playground; protect that the world you know exists with your consent and for your own good reasons; protect that your purpose and mission is to shine love in your own playful way, in the moments you decide will be most dramatic."
— Richard Bach, Running from Safety: An Adventure of the Spirit

"The courage to be is the courage to accept oneself, in spite of being unacceptable."
— paul tillich

"The awareness of the ambiguity of one's highest achievements - as well as one's deepest failures - is a definite symptom of maturity."
— Paul Tillich

"Christian discipleship is a decision to walk in his ways, steadily and firmly, and then finding that the way integrates all our interests, passions, and gifts, our human needs and eternal aspirations. It is the way of life we were created for."
— Eugene Peterson

"Oh! my Lord Jesus, though I do not understand it, though I cannot grasp it, though my struggles avail nothing, I am not going to let Thee go. If it is possible for a sinner on earth to have Jesus every day, every hour, and every moment in resurrection power dwelling in his heart, shining within him, filling him with love and joy,—if that is possible, I want it."
— Andrew Murray, Jesus Himself

"Insight is not a lightbulb that goes off inside our heads. It is a flickering candle that can easily be snuffed out."
— Malcolm Gladwell, Blink: The Power of Thinking Without Thinking

"Spiritual crises happen to us every day. Most of them are sufficiently low grade, devoid of enduring consequences, so we pay no attention and keep on rolling. A spiritual crisis occurs when our identity, our roles, our values, or our road map are substantially called into question, prove ineffective, or are overwhelmed by experience that cannot be contained by our understandings of self and world."
— James Hollis, Ph.D.

## Dink oor taal, dit kan lewe skep of neem

*Wilhelm Jordaan*

Die regering gebruik alte maklik misleidende, selfs lagwekkende, krygsmetafore om sy stryd teen uitdagings in die samelewing en staatsbestuur te voer. Vandaar die baie "oorloë" teen dit, dat en die ander – misdaad, geslagsgeweld, Covid-19 en armoede.

Dít is die kern van dr. Guy Lamb, kriminoloog in die departement politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch, se onlangse betoog.

Hy gebruik allerlei voorbeelde van sulke krygstaal, wat getuig van ontoepaslike "daadkragtigheid" in die hantering van probleme. Net nou die dag het David Makhura, Gauteng se premier, gesê hy wil 'n "krygskamer" stig om "die ekonomie op dreef te kry".

Die voorgaande verwys na iets wat ons almal raak: Wetende en onwetende gebruik ons beeldryke taal (metafore) en vergeet dit het dikwels bybetekenisse wat jou motiewe, denke en optrede op subtiele maniere stuur.

Só byvoorbeeld hoor 'n mens dikwels by onderhandelings uitdrukkings soos: "Al die 'rolspelers' moet geraadpleeg word; ons moet die 'speelveld' gelyk maak." Sulke uitdrukkings beduie na voornemens (werklik of kamma) oor billikheid en regverdigheid, maar het ook die bybetekenisse van "speletjies", "spel", "speel" en "rollespel."

Dit huiwer in die agterkop en beïnvloed dikwels die verloop en afloop van onderhandelings – juis omdat dié bybetekenisse voorwendsels, skyn, pretensie, 'n gebrek aan erns, onegtheid en verdoeseling kan bevat. Daarmee word 'n betekenisnet en -strikke gespan wat by sommige onderhandelaars, veral as hulle voel hulle is aan't "verloor", indrukke én opmerkings wek soos: "Ons is moeg vir jul speletjies; ons het julle vertrou, maar julle speel nie volgens die spelreëls nie; aan dié spel gaan ons nie verder deelneem nie; dis duidelik ons rol word misken."

Sulke subtiele beïnvloedings gebeur omdat die menslike gees wesenlik metafories ingestel is. Jy sien 'n ooreenkoms tussen een saak (onderhandeling) en 'n ander (spel) en dan dink jy oor onderhandeling soos jy oor spel dink.

Dié ooreenkoms kan jou emosioneel so meevoer dat jy dit as werklik en waar beleef. So gebeur dit dan dat daar vir jou geen verskil tussen onderhandeling en spel is nie en jy sien in die skeeflopende onderhandeling niks meer as (mag-) speletjies nie.

Die intense emosie maak dat jy jou gevormende indrukke (dikwels ook jou vooraf-indrukke) in gedrag omsit wat uitloop op luidkeelse protes, blamering van ander se verskuilde motiewe en uiteindelik wegstap van die onderhandelings.

Om metafories te dink is opwindend en gee kleur aan die lewe, maar ons almal, juis ook politici, kan maar gerus luister na wat digters oor taalgebruik sê, byvoorbeeld die Chileen Vicente Huidobro: "Laat jou taal 'n sleutel wees / wat 'n duisend deure oopmaak. / Skep nuwe moontlikhede. / Waak altyd oor jou woord: / Elke byvoeglike naamwoord / wat geen lewe skenk /pleeg moord . . ."

*Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dink-oor-taal-dit-kan-lewe-skep-of-neem-20220308

## Brood vir die pad

### Ons waarde lê nie in goedere nie, maar in goedheid

*RRV*

In sy boodskap vir Lydenstyd – die tyd in die kerklike jaar wat fokus op Christus se afsondering in die woestyn en sy daaropvolgende weg na die kruis – het pous Franciskus vanjaar aangesluit by woorde uit Paulus se Brief aan die Galasiërs.

In Galasiërs 6:9-10 skryf Paulus: "Laat ons nie moeg raak om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die regte tyd oes. Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen."

Pous Franciskus wys daarop dat Paulus hier praat van 'n kairos ('n geskikte geleentheid of gepaste oomblik) om goed te doen met die oog op 'n toekomstige oes.

Die pous wys dan daarop dat ons maklik nie ons tyd vir dié doel gebruik nie, en dat ons drang om te besit, op te gaar en te verbruik dikwels die botoon voer. Ons is meer soos die ryk dwaas in Jesus se gelykenis wat meen dat groter skure vol graan en goedere veiligheid en sekuriteit kan bied (volgens Lukas 12:16-21).

Hierteenoor nooi Lydenstyd ons uit tot 'n houdingsverandering, tot 'n bekering, sodat ons kan besef dat waarheid en skoonheid in die lewe nie te vinde is in die besit van dinge nie, maar in vrygewigheid. Nie in hebsug en magslus nie, maar in die saai en uitleef van goedheid.

Die pouslike boodskap is deeglik bewus dat bitter teleurstellings, verydelde drome, oorweldigende uitdagings en beperkte bronne ons in die versoeking kan bring om ons heil eerder te soek in ongeërgdheid as in omgee, eerder in die soeke na eiebelang as in diens aan ander.

Juis te midde hiervan kom die oproep egter in Lydenstyd om, in aansluiting by Paulus se woorde, nie moeg te raak om sade van goedheid te saai nie. Lydenstyd is daarom, in die pous se woorde " 'n geskikte tyd om diegene in nood nie te vermy nie, maar op te soek; om uit te reik na diegene wat 'n simpatieke oor en 'n goeie woord nodig het, pleks om hulle te ignoreer en om nie diegene wat alleen is, te verwerp nie".

Die oproep om sade van goedheid te saai en nie hierin te verslap nie, kom vanjaar te midde van die wete dat daar ook ander sade met skynbare groot ywer in ons dag gesaai word: sade van tweedrag, verdagmakery, onrus, gierigheid en geweld.

Dalk is dit 'n goeie voorneme om in hierdie Lydenstyd ons daarvan te weerhou om súlke sade te saai. Want, soos 'n ander teksvers uit Galasiërs 6 waarsku: "Wat die mens saai, sal hy ook maai."

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-ons-waarde-le-nie-in-goedere-nie-maar-in-goedheid-20220305

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877